

ANC-staatshoof se sosialistiese plan

Nuwe toestand skeep die verskoning vir onteiening van eiendom

Die aankondigings deur die ANC-staatshoof op 21 April het bevestig dat die ekonomiese ineenstorting veel erger is as die siektetoestand in Suid-Afrika.

Die ekonomiese hulp by wyse van welsynstoelaes aan die swart hulpbehoewendes (waarvan die meeste in elke geval reeds nie werk nie) is 'n bewys dat die ANC die korona-virus gebruik om die steeds bestaande armoede en hongersnood in die land aan te spreek met geld wat hulle nie het nie.

Onder ANC-bewind is Suid-Afrika tot rommelstatus afgegradeer. Die land was ekonomies reeds op sy knieë. Dat die virus, en die maatreëls om dit te bekamp, die toestand vererger het, is sekerlik waar. Ramaphosa se aankondigings het dit duidelik gemaak dat die ANC die virus gebruik om die reeds bestaande swak toestand te probeer red.

Sosialisme bevorder

Wat nog meer bekommer, is dat die ANC-regime die geleentheid gebruik om sy sosialistiese beleid verder toe te pas, al dreig ekonomiese rampspoed

aan alle kante. Die feit dat die regering iets soos 'n nuwe ekonomiese struktuur vir die toekoms beplan, is betekenisvol. Uitdrukkings soos *a new economy, accelerated structural reform, a new social compact, en radical economic transformation* is gebruik. (Lees gerus *Repliek* op bladsy 2)

Die Leier van die HNP, mnr Andries Breytenbach, sê die maatreëls wat ingestel is, skeep 'n ideale toestand en die verskoning vir die deurvoering van 'n beleid soos nasionalisering (onteiening) van grond (plase met voedsel) en ook ander eiendom. As die krisis groter word, is die klimaat geskep en die basis gelê vir goedkeuring deur die parlement van 'n noodtoestand.

“Om nou R500 miljard te leen waarvan 'n groot deel net opgeëet gaan word en geen ordentlike plan bestaan om die res te investeer nie, is om 'n krisis op die korttermyn te besweer en 'n erger langtermyn krisis te skeep, want skuld dra rente en die rente plus die kapitaal moet een of ander tyd terugbetaal word. Waarmee dan?”

Korona-virus en ander siektes in perspektief

Soos met alle dinge in die lewe het die aanvanklike vrees en paniek oor die korona-virus ook in 'n groot mate bedaar. Dit beteken nie dat die uitwerking van die virus verby is nie. Inteendeel. Daar is kundiges wat sê dat nadat die inperkings opgehef is en mense weer vrylik kan beweeg en assosieer, die pandemie sy hoogtepunt sal bereik. Voorspellings dui daarop dat 60 tot 70 persent van die bevolking die virus sal opdoen.

Sterftes wêreldwyd vanaf 1 Januarie 2020 tot 23 April 2020 as gevolg van

Aborsie	13,209,582
Hongersnood	2,797,040
Kanker	2,552,069
Rook	1,553,407
HIV/AIDS	522,370
Verkeersongelukke	419,467
Selfmoord	333,222
Malaria	304,799
Vuil drinkwater	261,684
Korona-virus	184,352
Seisoenale Griep	151,172

So sluit ons stuk vir stuk

As die ANC-bewind uiteindelik sou besluit om die land weer te ontsluit van die inperkingstydperk, gaan daar dalk 'n wrede ontnugtering wees dat daar eintlik nie veel is om meer te ontsluit nie, en dat daar dalk meer gesluit gaan wees as wat daar oop gaan wees.

Cyril Ramaphosa was die ridder op die wit perd nadat hulle uiteindelik van Jacob Zuma ontslae geraak het. Dit het gou geblyk dat hy hoogstens ridder van 'n blekerige steeks donkie is, en gou het daardie sogenaamde Ramaphoria verdwyn.

Toe kom die groot virus. Ramaphosa word allerweë geloof vir sy "sterk optrede en staatsmanskap", terwyl *Die Afrikaner* al aan die begin as eerste en enigste die moed gehad het om te wys

watse skade hy in werklikheid gedoen het met onbeholpe optrede. Nou het sy sterretjie ook verskiet en kry hy en sy regering toenemend kritiek oor hulle belaglike en irrasionele regulasies wat tot niemand se voordeel is nie en beslis nie enige rol gaan speel in die bekamping van die virus nie.

Boere mag nie meer hulle plaaswag-patrollies ry nie. Oeste word gestroop, diere vir die pot geslag en kables word gesteel, want die skelms weet daar is niemand wat skielik kan opdaag en hulle in hul werk stuit nie.

Sou die inperking mettertyd oopgestel word, gaan die harde werklikheid deurdring dat daar baie minder oop gaan wees as voorheen.

Maar intussen is die ANC-bewind besig om self 'n nog groter deel van die land te sluit. Die toekoms van SAA, voorheen bekend as SAL, ry wipplank. Eers het hulle met hulle swart bevoordeling alle blanke kundigheid weggejaag en onbekwame en korrupte mense aangesel om oor te neem, wat die lugdiens in die afgrond bestuur het. Toe word belastingbetalersgeld gebruik vir reddingsboeie, en nou skielik word niks meer gegee nie. SAL het destyds die wêreld se sanksies oorleef, toe hy nie oral mog land nie. Nadat die ANC kamtig die toegang na die wêreld oopgemaak het, maak hy SAL toe.

Die volgende is die Landbank (wat deur die blanke boere onder leiding van die destydse Transvaalse Landbou-Unie begin is) wat erken het dat hy nie sy verpligtinge kan nakom nie. Gaan hy dit maak of ook toemaak? Eskom huiwer al lank op die rand van toemaak, so ook Denel, Prasa (opvolger van die eens magtige werkverskaffer, SA Spoorweë en Hawens), Poskantoor en ander. Die grootste bedreiging vir die land is nie die Covid 19-virus nie, maar die ANC-virus, want dié maak alles toe om nooit weer oop te maak nie.

Perspektief deur Gawie

Eie volk, eie land!

Die manier waarop die ANC-owerheid sedert die koronavirus die hulpmaatreëls ingestel het, het menige Afrikaners en ook ander Blankes laat besef dat dié hulp vir baie min van ons volksgenote beskore is.

Die nuwe maatreëls wat op 21 April aangekondig is, het weer eens die besef bevestig... dalk eerder beklemtoon.

Gawie is na 21 April baie meer bekommerd oor die Afrikanervolk se oorlewing en voortbestaan as volk in sy vaderland, Suid-Afrika. Ons sal as volk tot die besef moet kom dat ons met erns sal moet begin werk om weer as volk vry te wees en oor onself te regeer. Ons moet dit ook in vaste geloof doen.

Gawie ondervind dat al meer volksgenote hulle uitspreek dat ons nie langer as volk onder die kommunistiese juk mag buk nie. Daarom strewe die HNP na die vestiging van 'n eie soewereine Afrikanerstaat met 'n Afrikaner-owerheid.

Die sleutelwoord is Afrikanernasionalisme. Dit is die groot drywende mag wat die politieke toneel in Suid-Afrika telkens oorheers het: om vry te wees van vreemde oorheersing, of dit nou die Britte of swart getalle was.

'n Volk het 'n bepaalde identiteitsbewustheid. Hy het sy eie geskiedenis. Diegene wat buite die volk staan, kan nie dieselfde sentimente as dié volk hê nie. Volkskap is soos 'n broederskap: jy behoort daaraan, of jy behoort nie daaraan nie.

Waar begin ons dan om vry te word? Dit begin by die wil om as volk vry te wees. Dit begin om te besef dat die Afrikaner nie langer onder vreemde politieke oorheersing mag gebuk gaan nie.

Om te begin, moet ons die bewustheid van volkswees vestig. Uit die bewustheid kan dan die begeerte en die wil om vry te wees, by die volk ingeskerp word. Dit kan groei en kan 'n volksbeweging word. Dit is uit daardie wil dat ons voorgeslag teen die Britte opgestaan het.

Wanneer daardie wil groei en sterk word, en die vryheidsvlam weer brand, dan word Afrikanernasionalisme weer 'n mag. Daardie mag sal die basis vorm waarop eendragtigheid bo-oor grense van verskillende volksorganisasies sal groei. Dan kan ons volk, sterk gevestig op dieselfde beginsels en ideale, opstaan om ons volksvryheid te herstel.

Hierdie "opstaan" kan net buite die huidige politieke bestel geskied. Dit is 'n toestand van verzet — aanvanklik nie-militêre verzet. Maar daardie verzet sal groei en ons volk weer sterk maak.

Die HNP se standpunt is baie duidelik: "As die herwinning van ons vryheid ons erns is... tree jy saam in verzet of jy bly daaruit en berus in jou onderwerping".

Mag die Afrikanervolk met die nuwe politieke besef wat korona gebring het, 'n nuwe slagkreet aanhef: Eie volk, eie land. Teen die hele wêreld vry!



'n Landbouplan wat kon gewerk het

Die "Ramaphosa-plan" wat so pas aangekondig is, het enorme gebreke; gebreke waarvoor ekonome hul reeds skerp begin uitlaat. Die opvallende feit is dat die hele strategie in verband met die noodtoestand wat deur die korona-virus veroorsaak is, op 'n tipiese sosialistiese wyse opgestel word. Die ANC-regime sien dit eerder as 'n geleentheid om sy sosialistiese beleid dieper in te grawe, al dreig ekonomiese rampspoed reeds aan alle kante.

Ten spyte van dringende en wye verdoë in verband met hulp aan die landbou, is *landbou* die een woord wat nêrens voorgekom het in die toespraak wat die staatspresident op die aand van 21 April 2020 gehou het nie. Kom ons kyk net na 'n paar feite: die meeste van die maatreëls wat aangekondig is, is finansiële hulp om gesondheidsmaatreëls enersyds te versterk, en andersyds verligting te bring aan die nood van besighede en werkers wat inkomste verloor; hulp aan diegene wat reeds werkloos of haweloos is; hulp aan besighede om lone uit te betaal en die verhoging van sosiale toelae in die algemeen, waaronder kindertoelae.

Baie van hierdie laaste gedeelte van die hulpstrategie het te doen met die aanname dat die ontvangers van finansiële hulp in staat gestel sal word om kos te koop en aan die lewe te bly ten opsigte van hul basiese behoeftes. Die motief is goed, maar dit laat een belangrike faktor buite rekening en dit is die voorsieningsketting van voedsel wat van strategiese belang geag behoort te word, van watter hoek mens ook al daarna kyk. Dit moes reeds weke gelede hoog op die agenda gewees het, weens die verwagte versteuring van die hele ekonomiese patroon.

Wat kon die regering gedoen het? Hy kon in die eerste plek indringende gesprekke gevoer het met die verskillende landbouorganisasies in die land, om voorstelle en strategie uit te werk wat voedselverskaffing daadwerklik sou bevorder het, te midde van die groeiende nood. Dit het nie gebeur nie.

Tweedens kon die regering onmiddellik, soos in die geval van die myne, spesiale toegewings ingestel het, sodat die landbou toegelaat kon word om sy werk onverhinderd te doen. Onder andere kon die subsidiëring van die logistieke proses aandag gekry het: die vervoer van produkte na die mark en die verspreiding van landbou-produkte. Daarby kon spesiale voordele ingesluit word om boere in staat te stel om hul arbeid te betaal tydens die noodtoestand, soos dit wel aangekondig is ten opsigte van al-

gemene sake en bedrywe. Daar kon brandstofvoordele ingestel word met die oog op die volgende seisoen se oes.

Vierdens, om hierdie plan nie te ingewikkeld te maak nie, kon die regering gewoon 'n reuse subsidie beskikbaar maak het aan alle landbouers, sonder diskriminasie van enige aard oor die tipe produk of bedrywighe van die landbouer. Dit sou die administrasie van die hulp drasties vereenvoudig het. Onthou dat boere daardie subsidie dwarsdeur die land sou ontvang en dit natuurlik sou bestee by hul naaste verskaffers, waardeur die uitkrangeffek van die subsidie in werking kon tree. Plaaswerkers sou sodoende ook hulp ontvang, met voordele vir die hele gemeenskap (onder andere handelaars) wat van die landbou afhanklik is op die platteland.

Die regering kon 'n vyfde ding doen: hy kon met die landbouorganisasies onderhandel het om nood te verlig in hul onderskeie streke. In die landbou het ons 'n landwyse organisasie wat sonder sy gelyke is. Waar subsidies nou toegeken gaan word aan munisipaliteite (R20 miljard is aangekondig) sou die landbouers in 'n spesiale rol kon tree met hulpverlening om seker te maak dat voedselpakkies, en die voorsiening aan die plaaslike markte doeltreffend kan verloop.

Maar dit sou verg dat die ANC-regime die strydbyl met die landbouers moes begrawe; en dit is natuurlik waar die knoop lê. Daarom het ons nie die woord landbou in die staatspresident se toespraak gehoor nie; al het dit alles te doen met die bekamping van armoede en die verligting van huishoudings se behoeftes.

Watter woorde het ons wel gehoor? Aan die een kant maatreëls wat met die banke ooreengekom is; verligting van belasting, en so meer; maar veral dan die feit dat die regering iets soos 'n *nuwe ekonomiese struktuur* vir die toekoms beplan. Ons het vae uitdrukkings gehoor soos: *a new economy, accelerated structural reform, a new social compact, en radical economic transformation*. Dit is niks minder nie as ou sosialistiese en kommunistiese slagkrete.

Die ANC-leier was so dapper om 'n hulppakket van R500 miljard aan te kondig, as antwoord op die noodtoestand met betrekking tot die pandemie, gesondheidsorg en die uitwerking daarvan op die ekonomie. Tog sal armoede heel eerste manifesteer as 'n behoefte aan voedsel; en in hierdie opsig is die landbou meer as net van sekondêre belang: dit is een van die belangrikste sleutels om die noodtoestand daadwerklik te bestry. Die regime het hierdie nasionale bate doelbewus buite rekening gelaat.

Ten slotte, indien die regering dan in sy eie sosialistiese dogma glo, verstom dit mens dat 'n maatreeël soos prysbeheer nie formeel op kritieke items ingestel word nie. Ook daarin is die huidige reaktiewe proses (om misbruike te probeer bestry) onvoldoende. Dit het klaarblyklik min effek. Voedselpryse is besig om die hoogte in te skiet. ■

So is ons verraaai (18)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (Verkrygbaar by Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (8)

Gesondheidsdienste

- i. Die styging in lewensverwagting en daling in kindersterftes onder die swart-, Kleurling- en Indiërbevolkings in Suid-Afrika onder die apartheidsregering is ongekend in wêreldverband.
- ii. Ter illustrasie word die volgende voorbeelde genoem: die baba mortaliteit onder die Kleurlinge het met 66% verminder, onder Swartes het die getal van 174 per 1 000 voordat die apartheidsregering aan bewind gekom het, na 55 per 1 000 verminder. Terselfdertyd het die swart lewensverwagting van 38 jaar na 64 jaar gestyg (*Giliomee, H. in Beeld, 17 Oktober 2000*).
- iii. Teen 1975 was daar 108 hospitale met 24 000 beddens net in die tuislande. Aan die begin van die 1980's was daar in die res van die land bykans 300 hospitale vir Swartes met 104 000 beddens vir binnepasiënte, dus 1 bed vir 179 mense van hierdie bevolkingsgroep (terselfdertyd was die verhouding vir Nigerië 1 bed vir elke 1 378 individue van die bevolking). Die wêreldklas Baragwanath Hospitaal naby Soweto was die tweede grootste in Suid-Afrika en Afrika, met 500 voltydse mediese dokters, baie van hulle plaaslik opgeleide swart dokters. Hulle het sowat 1 000 000 buitepasiënte per jaar bedien saam met duisende hospitaalpasiënte (*Ampelike Jaarboek van die RSA 1980/81:197*).
- iv. Afgesien van die "standaard" oftewel volwaardige hospitale, kon Nieblankes ook as buitepasiënte behandeling by honderde munisipale en distriksklinieke regoor die land ontvang, teen minder as 50 VSA sent per besoek.
- v. Wat volwaardige hospitale betref: teen be-
- vi. Verskeie immunisering- en voedingsprojekte is van tyd tot tyd op staatskoste geloods.
- vii. Waarskynlik die grootste komplimentêre grafskrif vir apartheid gesondheidsdienste kom, snaaks genoeg, van die VN. Die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram het 'n verslag in die nuwe millennium saamgestel waarin bevind is dat die lewensverwagting in die eerste dekade van ANC-regering in Suid-Afrika gedaal het. Lyke lê tot drie dae in hospitaalbeddens en pasiënte sterf in die postapartheid staatshospitale weens wanadministrasie (*Department of Information: 60-72; Van Zyl Slabbert: 141; Beeld, 15 Maart 2014*).



Die Baragwanath-hospitaal

taling van 'n registrasiefooi van ongeveer \$1 (een VSA Dollar), kon feitlik alle swart pasiënte gratis hospitaalbehandeling ontvang, met insluiting van akkommodasie, medikasie en kollaterale aspekte soos radiologiese en chirurgiese prosedures, ongeag die vlak van spesialiteit daarvan.

Maatskaplike dienste

Die apartheidsregering het ruimskoots voorsiening gemaak vir maatskaplike dienste vir Swartes binne en buite die tuislande.

Die wyse waarop die apartheidstaat omgesien en verantwoordelikheid aanvaar het vir Swartes — in hierdie geval die gestremdes, hulpeloses en bejaardes — het enige van die swart Afrikastate weer eens verreweg oortref.

Teen die middel van die 1970's was daar net in die tuislande 80 welsynsinstitusies soos weeshuise, versorging- en opleidingsentrums vir gestremdes, en ouetehuse; en nog veel meer soortgelyke institusies in die res van Suid-Afrika.

Ekonomies ineenstorting baie erger as die korona-virus

Dat die ekonomiese gevolge baie erger gaan wees as die lewensverlies aan die korona-virus, word tans algemeen in debatte bespreek. Die maatreëls wat op 21 April deur die ANC-staatshoof aangekondig is, het ook die benarde ekonomiese toestand in die land onderstreep.

Dit wat die staatspresident aangekondig het, bevestig dat Suid-Afrika, by uitstek, in 'n enorme ekonomiese krisis gedompel is. Dit is egter meer as net die ekonomie wat gaan verander of reeds verander het.

Groot maatskaplike omwentelinge hang hiermee saam. Ongekende werkloosheid (ekonome praat van 'n werkloosheidsyfer van meer as 50% in Suid-Afrika) is ons voorland. Dit sal tot ongekende armoede lei. Die gevolg sal misdaad en plundering wees.

Die eerste wat elke verantwoordelike persoon na moet omsien, is selfbeveiliging.

Die maatreëls wat ingestel is om finansiële en voedselhulp te verleen, is hoofsaaklik vir die swart hulpbehoewendes.

Met vorige hulpmaatreëls was dit reeds duidelik dat die blanke kleinsake-ondernemings nie kwalifiseer nie. Die landbou word steeds nie gehelp nie. Die kosvoorsiener kry geen hulp nie. Die feit dat dit hoofsaaklik die "arm deel van die bevolking" is wat hulp kry, veroorsaak ernstige ontevredenheid. In gesprekke oor dié onderwerp word allerweë gevra waarom die Witman moet betaal en bydra tot hulpfondse, maar blanke hulpbehoewendes kry nie hulp nie.

Daar is ook perke aan die Witman se vermoë om te betaal, en veral perke aan sy geduld om die volksvreemdes te dra. Diegene wat kan bydra, se inkomste verminder ook drasties.

Die HNP het persone wat wel kan bydra, versoek om nie tot algemene noodfondse by te dra nie, maar slegs tot fondse by te dra wat vir ons eie mense sorg.

Die toestand van inperking het ook 'n uitwerking op die gebruik van brandstof. Daar is nie die normale voertuie op die paaie nie. Terwyl die olie-lande oor jare miljarde uit die motoris se sak gejaag het, is daar nou 'n oormaat olie en brandstofpryse daal dramaties.

Die nuwe leefwyse

Die toestand wat heers, sal noodwendig 'n totale verandering in elkeen se leefwyse bring. Baie instansies en maatskappye het reeds besluit om kantoor-

ruimte op te sê en gebruik te maak van rekenaars en moderne kommunikasietegnologie. Baie mense werk reeds vanaf die huis en baie ander is in die proses om dieselfde pad te loop.

Vergaderings kan baie goedkoper en steeds effektief gehou word deur van die tegnologie gebruik te maak. Dit spaar tyd en koste. Om van die huis af te werk, kan in gevalle baie effektief wees met groot besparings vir so 'n maatskappy of instansie.

Een saak waarmee egter rekening gehou móét word, is dat die moderne tegnologie deur die staat beheer kan word. Magsmisbruik deur die staat — die totale skending van mense se privaatheid, ongeag jou sogenaamde menseregte (party het mos net meer menseregte as ander) is nie uitgesluit nie. Jou bewegings kan maklik gevolg word en jou telefoongesprekke ewe maklik gemonitor word.

Dan is daar die oordrewe beklemtoning van die verbod op "fopnuus" (leuens). Natuurlik word daar met die gebruik van die sosiale media deurlopend onwaarhede (vermoedens) as feite versprei, maar wie gaan uiteindelik bepaal wat is fopnuus en wat is nie. Wanneer dit deur wetgewing afgedwing word, verander die grendelstaat in die muilbandstaat en sal sinvolle debat (ook die politieke debat) verbied kan word.

Die leier van die HNP, mnr Andries Breytenbach, sê dié nuwe toestand vereis nugtere politieke besinning. Die standpunt van die HNP om buite die politieke bestel te staan, is nou meer geldig as ooit. Die Witman se politieke heil en die ideaal van volksvryheid lê buite die ANC-bestel en word nou 'n baie hoë prioriteit. Hierdie standpunt vereis 'n geloofwaardige en uitvoerbare alternatief — 'n alternatief buite die ANC-bestel.

RIETBOKSTRAAT 2
POSBUS 298
THABAZIMBI
0380

TEL: (014) 777 1618/87
FAX: (014) 777 1618
FAX NA E-POS: 086 614 1129
E-POS: spien@lantic.net



S.J. PIENAAR
PROKUREUR
ATTORNEY

2 RIETBOK STREET
P.O. BOX 298
THABAZIMBI
0380

TEL: (014) 777 1618/87
FAX: (014) 777 1618
FAX TO E-MAIL: 086 614 1129
E-MAIL: spien@lantic.net


SCHALK JACOB PIENAAR
B.PROC (U.P)

LITIGASIE EN KOMMERSIËLE PROKUREUR / LITIGATION AND COMMERCIAL ATTORNEY
AKTEVERVAARDIGER / CONVEYANCER

WEBBLAD: www.spienaar.net

PROKUREUR	AKTEVERVAARDIGER	BOEDELBEREDDERAAR	TAKSATEUR	ARBEIDSKONSULTANT
ATTORNEY	CONVEYANCER	ADMINISTRATOR OF ESTATES	APPRAISER	LABOUR CONSULTANT

Woord en wêreld



Die opwekking van Christus: Skok en stilswye

Skriflesing: Markus 15:42-16:8

Markus 16:6 En hy sê vir hulle: Moenie verskrik wees nie. Julle soek Jesus die Nasaréner wat gekruisig is. Hy het opgestaan. Hy is nie hier nie...

Ons het op 10 April Goeie Vrydag (Christus se kruisiging) gevier en op 12 April Paassondag (Christus se opstanding).

Maar wat beteken Christus se opstanding vir die Christengelowige?

Die hele Paasaweek moet as 'n eenheid verstaan word. Goeie Vrydag, Stil Saterdag en Paassondag vorm 'n eenheid. Die een gebeurde kan nie van die ander twee losgemaak word nie.

Die opwekking kan nie sonder die kruisiging uitgelê word nie. Die noue band tussen die opwekking en die begrafnis van Jesus, word egter nie genoeg beklemtoon nie. Sonder Stil Saterdag kan Paassondag ook nie afdoende verstaan word nie.

Jesus is begrawe. Hy was werklik dood. Maria Magdalena, Maria en Salome het aanvaar dat Jesus dood was. Hulle wou die nodige begrafnisrituele gaan uitvoer — onder andere om die liggaam te was en te balsem. Met hierdie rituele wou hulle Jesus se lewe tot afsluiting bring.

2. Jesus is opgewek

Teen die agtergrond van die dooie Jesus in die graf, verstaan 'n mens die vroue se reaksie op die nuus dat Hy nie meer in die graf is nie. Nóú, agterna, kan ons jubelend sing oor die opgestane Heer. Die vroue, die eerste getuies, het egter nie gejuig nie; hulle het geskrik, was vreesbevange en het weggehardloop. Maar hoekom?

Hulle het só iets nie verwag nie! Menslik gesproke is dit onmoontlik. Wat raakgelees moet word, is die woorde van die boodskapper in Markus 16:6: "Hy is uit die dood opgewek. Hy is nie hier nie".

Die opwekking van Jesus is dus nie 'n wonder naas ander wonders nie. Dit was 'n daad van God. Om hierdie rede was hierdie eerste getuies van die leë graf ook nie gereed om in die wêreld te getuig oor die opwekking van Christus nie. Hulle kon nie hulle sendingtaak vervul nie. Hulle was stomgeslaan dat só iets in ons wêreld, wat nie wetenskaplik verklaar kan word nie, kon gebeur het.

3. Geloof en die opwekking

In geloof moet ons ook aanvaar dat dit wat in die normale gang van sake nie verwag kan word nie, tóg gebeur omdat God dit laat gebeur.

Wie danksy die werking van die Heilige Gees kan glo dat God vir Jesus uit die graf opgewek het, kan hoopvol lewe en sterwe, aangesien gelowiges se hoop begrond word in God se daad aan Jesus Christus. Ware hoop is nie gegrond in wat ons kan bewerk nie, maar in wat God vir ons in Christus gedoen het, en vandag en môre vir ons kan doen.

Ons groot probleem as mense is dat ons sondaars is. Maar, wat is sonde en hoekom is dit 'n probleem? Sonde wys heen na ons gebroke verhouding met God. Ons glo dat ons ons lewens aan onself te danke het. Ons glo dat ons nie ontvangers behoort te wees nie, maar selfvoorsienende skeppers.

Ons self-skeppingsdrang het egter die konsekwensie dat ons weerloos is teenoor ons eie sterflikheid. Slegs vir 'n paar jaar het ons die lewe in die hand — en dan is dit verby.

Dit was egter nooit God se bedoeling met ons nie, en daarom bied Hy aan ons sy genade aan — genade wat voortspruit uit die sterwe en opwekking van sy Seun, Jesus Christus.

Genade wil ontvang word. Ons moet gereeld bid dat die Heilige Gees ons ontvanklik sal maak vir die genade. Die bereidwilligheid om te ontvang — die genade te ontvang — dui op geloof.

Mag dit ons beskore wees!

Johannes 20:7

"En die doek wat op sy hoof was, sien hy nie by die doeke lê nie, (maar) opgerol (opgevou) op een plek afsonderlik".

Wat is die betekenis van die opvou van die doek? In daardie tyd was die gebruik by 'n ete dat die hoof van die huis, wanneer hy klaar geëet het, sy doek (servet) onopgevou op die tafel laat. Dit was die teken vir die slawe dat hy klaar geëet het en dat hulle mag opruim. Sou hy tydens die ete onderbreek word en die tafel verlaat, het hy sy doek (servet) opgevou en netjies by die tafel gelaat. Dit was die teken vir die slawe dat hy weer sal terugkom.

Jesus se kopdoek was netjies opgevou eenkant. En die boodskap is... dat Christus eendag weer sal terugkom!

Die Afrikaner

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

Redakteur: LJ van der Schyff info@hnp.org.za

Uitleg en tegniese versorging: Juanita Powroznik

Medewerkers: Mnr Andries Breytenbach
Mnr Meinhard Peters.
Mnr Henk van de Graaf
Mnr Hermanus van der Schyff

Verjaardagfonds HNP is 'n alternatief

Terwyl die beeldradio steeds nuusdekking en statistieke oor die Korona-virus gee, het die debat onder Afrikaners en die breë blanke publiek reeds na die ekonomiese ineenstorting geskuif. Elkeen is hoofsaaklik op homself en sy eie omstandighede aangewese om planne te maak om finansiëel te oorleef.

Die toestand is ernstig — wêreldwyd. In Suid-Afrika, met sy swak ekonomie (reeds algemeen tot rommelstatus afgegradeer) en swak landsbestuur, is die vooruitsigte vir die toekoms aansienlik slegter as in ander lande.

“Die HNP en *Die Afrikaner* speel in die Afrikanerpolitiek steeds 'n belangrike rol”, sê die voorsitter van die HNP, mnr HF van der Schyff. “Om buite die ANC-bestel te staan, word nou vir baie mense 'n aantreklike en noodsaaklike politieke alternatief. Die Afrikaner se vryheid in sy eie vaderland is nou van deurslaggewende belang.

“Hierdie boodskap moet deurlopend hard beklemtoon word en wyd uitgedra word. Om dit te kan doen, moet *Die Afrikaner* uitgegee en versprei word, selfs meer gereeld as tans.

“Daarvoor vra die HNP elke leser se finansiële ondersteuning. Ons weet baie is bekommerd om te kan oorleef, maar so ook die HNP. Daarom vra ons in alle erns u klein bydrae om voort te gaan om *Die Afrikaner* aan u te stuur,” sê mnr Van der Schyff.

Ons sê baie dankie vir elke bydrae wat reeds inbetaal is.

Die totaal van die vorige bydraes wat reeds erken is, is:

R28 100

Mnr HJD van der Walt R 1 500

Dr Marshall Richardson R 300

Totaal: R29 900

**Om *Die Afrikaner* uit te gee, kos geld.
Met u finansiële bydrae kan u ons help
om daarin te volhard.**

Ondersteun ons asseblief!

Absa: HNP tjekrekening, 020001348 met u naam as verwysing



**Die Land
is ons Land!**

Nommer 25

Unifikasie: 'n verenigde Suid-Afrika

Waar daar voor die Tweede Vryheidsoorlog 'n koloniale suide en 'n republikeinse noorde bestaan het, was die hele Suid-Afrika na die oorlog nou Brits. Die verskil was dat die suide hulself regeer het, terwyl die noorde onder die vernerende situasie verkeer het van kroonkolonie bestuur waarvolgens hulle geen sê oor hul eie sake gehad het nie. Na die stigting van Het Volk Party in Transvaal en die Oran-gia Unie in die Vrystaat, het Transvaal in 1906 en die Vry-staat in 1907 verantwoordelike bestuur gekry. So het al vier gebiede dieselfde konstitusionele status geniet, en is die weg voorberei vir unifikasie.

Die Selborne-memorandum van 1907 en die daaropvolgende Nasionale Konvensie van 1909 het tot die opstel van 'n grondwet en die unifikasie van die vier provinsies in Suid-Afrika gelei. In die grondwet was daar twee ver-skanste klousules wat slegs met 'n tweederde meerderheid tydens 'n gesamentlike sitting van die Volksraad en die Senaat gewysig kon word. Die een was die beskerming van die twee amptelike tale, Engels en Nederlands, wat in 1926 deur Afrikaans vervang is. Die ander was die be-skerming van nieblanke stemreg in die Kaap en Natal.

Wat territoriale reëling betref, het die vier provinsies net so in die Unie oorgegaan. Die distrik Vryheid het wel in 1903 van Transvaal in Natal opgegaan. So is die grense van blank Suid-Afrika vasgestel en het die Unie van Suid-Afrika in 1910 tot stand gekom. Alhoewel onder Britse vlag, is die hele land onder blanke bestuur onder 'n enkele regering geplaas.

Ook drie protektorate in Suider-Afrika is onder Britse ju-risdiksie geplaas. Die belofte was dat die Unie uiteindelik beheer oor hulle sou oorneem, maar dat Brittanje die tyd sou bepaal wanneer dit sou plaasvind. Van meet af aan is pogings aangewend om hulle in te lyf, en alle Suid-Afri-kaanse Eerste Ministers het hulle daarvoor beywer. Nie een het egter sukses behaal nie. Uiteindelik het Basoeto-land as Lesotho, Betsjoeanaland as Botswana en Swazi-land onafhanklike state geword.

Die Zuid-Afrika-Wet is in 1909 deur die Britse parlement in Londen aangeneem. Die betekenis daarvan lê daarin dat ook die grense van blank Suid-Afrika en die konstitusionele regte van die parlement amptelik deur Brittanje erken is en so deur die internasionale wêreld aanvaar is.

TLU SA tree in bres vir sy boere

Gee vir die boere meer hulp

Met die instelling van die inperkings was besighede en sake-ondernemings ook gedwing om hulle deure tydelik te sluit. Behalwe die ekonomiese gevolge wat daarop gevolg het, het daar by duisende mense wat nie kon werk nie, 'n verdere armoede gevolg wat tot hongersnood gelei het.

Geen finansiële hulp is egter vir die boer, wat die kos voorsien, gegee nie. Met die verdere finansiële hulp wat op 21 April aangekondig is, is die boer weer oor die hoof gesien met geen finansiële ondersteuning nie. Die vraag kan opreg gevra word of dit doelbewus gedoen is.

In die rubriek *Repliek* (bladsy 2) word die saak van die boer met groot kundigheid en erns behandel.

Mnr Louis Meintjes, president van TLU SA, sê aan die een kant slaan die staat die boer (geen hulp nie), maar dan staan hulle bakhand met die beroep op die boere "om die draak van hongersnood se kop af te kap".

Mnr Meintjes sê daar is ook regulasies (wat as gevolg van die inperking voorgeskryf is) wat die waardeketting vernietig het. Produkte kom nie by die mense uit nie. Hy sê die R1,5 miljard wat aan kleinboere geskenk is, kon eerder aangewend word om kos te koop en aan die hongeres te versprei.

Hy wys daarop dat die ANC-regime bereid is om die taxibedryf tegemoet te kom, maar aartappelboere wat staatmaak op groot getalle arbeiders, mag hulle nie gebruik nie omdat die vervoer van groot getalle mense verbied is.

As kos by die boere gekoop word, eerder as om te bedel, stel dit die boer in staat om volhoubaar te produseer.

TLU SA wys ook daarop dat boere in 'n groot



mate bydra waar daar nood is. Daarom vra TLU SA aan sy lede om by te dra soos hulle kan en wil. Dit is net prakties om in jou eie omgewing hulp te verleen, want dit is die goedkoopste en so stabieleer jy ook jou omgewing.

Die president van Vrystaat Landbou (VL) sê die skenking van kos kan nie verpolitiseer word nie. Boere kan nie almal help nie, daarom gee hulle plaaslik kos.

Hy het ook kritiek uitgespreek teen sekere lede van die polisie wat hulle eie reëls maak en so-doende sake vir die boer baie bemoeilik. Veilings is wettig. Die afslaer bepaal hoeveel mense dit mag bywoon. Dit is nie korrek om veilings te verbied nie.

By die boere is daar groot ontevredenheid omdat hulle nie meer mag patrollie ry nie. Youtube-video's word tans wyd versprei oor hoe boere se vee geslag word. Die feit dat daar geen beheermaatreëls (soos patrollies) is nie, laat dié misdaad sy vrye gang gaan. Dit gee aan die misdadiger vrye teuels om te steel en te plunder.

Boere het hulle baie skerp uitgespreek oor die behandeling wat die staat aan die boere gee. Van die kommentare is: "ons is net betroubare slawe van die ANC-regime", en "ons boere is net goed genoeg wanneer ons moet help".

Korona en ander siektes

Van bladsy 1

Die een belangrike feit is dat alle denkende mense intuïtief aanvoel dat daar iets groters agter die virus-pandemie sit as net "toeval". Op die minste is dit 'n gevolg van nalatigheid deur die Sjinese en samespanning met die Wêreld Gesondheidsorganisasie(WGO) om dit toe te smeer. State tree nou op. Die VSA bevries sy bydraes tot die WGO en Engeland oorweeg om dieselfde te doen. Duitsland het 'n eis van miljarde teen Sjina ingestel. Australië eis 'n internasionale ondersoek.

Die toestand kry wêreldwyd egter ander perspektiewe. Die massa-histerie wat deur die geldmag-gedrewe media gedryf word, moet egter deur verskeie ander statistieke in perspektief gebring word.

Neem byvoorbeeld in ag dat daar in Suid-Afrika jaarliks tussen 16 000 en 22 000 mense vermoor word. Die plaasmoorde is gemiddeld 60 per jaar. (Die sterftes aan die korona-virus staan op 23 April in Suid-Afrika op 65 met 3 635 bevestigde gevalle van mense wat die virus het).

Moord as misdaad is nie 'n prioriteit in Suid-Afrika nie. Die korona-virus is.